14 Februarie 2008

e Hervormer

www.hervormer.co.za

In hierdie uitgawe...

Voorblad:
Die eerste *e*-Hervormer gepubliseer
Kerknuus:
Beroepenuus
Nuus van Predikante
Gemeentenuus
Volgende week in die Kerk
Algemene Nuus
Kennisgewings en Advertensies
Agterblad

Voorblad

Die eerste *e*-Hervormer gepubliseer



Prof. Piet Geyser
Redakteur

Ons by Die Hervormer is baie opgewonde om hierdie eerste uitgawe van *e*-Hervormer aan u te stuur. Ons dink dit kan die begin wees van 'n nuwe en vinnige kommunikasiekanaal in die Kerk. Die bedoeling is, soos Charmaine in haar afskeidwoord gesê het, dat die lidmate van die Kerk en alle belangstellendes so gou en so effektief as moontlik ingelig oor gebeure in en om die Kerk kan wees. Dit sal dus gaan oor nuus, kennisgewings en aankondigings van belangrike gebeurtenisse of mense. Waar nodig sal ons ook kundiges kry om baie kortliks kommentaar op kontensieuse of sensitiewe kwessies te skryf.

Ons leef in 'n wêreld waar die inligtingrewolusie reeds ou nuus is. Die Kerk mag nie in hierdie opsig agterbly nie. Dit is van wesenlike betekenis dat ons lidmate ingeligte mense sal wees wat op grond van goeie kennis gebalanseerde en gefundeerde besluite moet kan neem.

Kom ons lig die vlak van ons kommunikasie met 'n paar kerwe. Dit sal natuurlik weer afhang van almal se samewerking. Ons sou graag wou sien dat die inligting 'n pad sal vind na gemeentes se afkondigings op Sondae, maar ook na elkeen wat met rekenaars toegang het tot webwerwe. U kan daarop inteken. Ons sal ook baie graag inligting en nuus van gemeentes wil ontvang wat dan ook weer wyer bekend gemaak kan word. Die uitdaging is op op ons drumpel om ook deur middel van eietydse tegnologie ons belewing van die gemeenskap van gelowiges te bevorder en te beleef!

'n Groot woord van dank aan ds Marthinus van Staden (Swartkop) wat reusewerk gedoen het om die formaat van *e*-Hervormer te ontwikkel. Voorstelle tot verbetering is welkom. Raak saam opgewonde oor hierdie kommunikasie moontlikhede!

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/skakels:
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za
Hervormer webwerf - www.hervormer.co.za
e-Hervormer - www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! - www.hervormer.co.za/age04.html

Epos adresse:
Redaksie - epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte - nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die *e*-Hervormer word uitgegee onder redaksie van Die Hervormer. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Teken in op *e*-Hervormer...

Teken in op *e*-Hervormer en ontvang elke uitgawe per e-pos!

Stuur 'n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en kliek op die 'Teken in'-opsie.

BEROEPENUUS

► **Beroep ontvang**
Ds Collin Hertzog van Middelburg-Noord na Verwoerdburg.

► **Beroep aanvaar**
Ds PJ Wolmarans van Evander na Secunda

NUUS VAN PREDIKANTE

► **Ds Etienne Fourie**, predikant van Kempten, vier op Sondag 2 Maart sy vyf en twintigste jaar in die predikantsamp.

► **Ds JP Snyman** vier sy 50ste ampsjublileum op Sondag 2 Maart 2008 in die kerkgebou van Vaalwater.

► **Ds Oppies Opperman** werk reeds van Junie 2007 in die buiteland in Kabul, Afghanistan. Hy het op 25 Januarie nie net sy verjaardag daar gevier nie, maar ook die herdenking van twintig jaar in die bediening met 'n erediens wat deur verskeie Afrikanrs en buitelanders bygewoon is.

► Die eggenote van **ds Wimpie van Schoor**, predikant van Pinetown, Anna-Lea is op 12 Februarie in die oggendure oorlede na 'n uiters kort siekbed. Sy was net 40 jaar oud. Die Kerk betuig sy meegevoel met ds Van Schoor en sy geliefdes en bid hulle troos en krag toe.

► Die **finalejaar teologiese studente** is tans besig met hulle praktiese onderrig. Dit geskied in die Bloukamer in die Dirk van der Hoffgebou. Dr BJ van Wyk, dr WJ Coetzer em mev M Fourie was die week besig met onderrig. Die studente word op 6 Maart gelegitimeer en beroepbaar gestel.

Finale jaar teologie studente 2008
Agter van links na regs:
Larry van der Walt, Joseph Steyn en Leslie Kern.
Voor van links na regs:
Marissa van Zyl, Maryka Potgieter, Tanya van Wyk en Carusta van der Merwe

Terug na Voorblad

GEMEENTENUUS

■ **Rustenburg-Tuine** wag die aansoeke in van predikante om die vakante tweede standplaas te vul. Dit is 'n volledigversorgde standplaas. Belangstellendes moet asseblief 'n verkorte CV en 'n bekendstellingsbrief saam met aansoeke instuur na: Die Skriba, Gemeente Rustenburg-Tuine, Posbus 20020, PROTEAPARK 0305. Aansoeke sluit op 15 Maart 2008.

■ **Brakpan Harmonie** wag die aansoeke van predikante in vir die vakante standplaas. Dit is 'n volledigversorgde standplaas. Belangstellendes moet asseblief 'n verkorte CV en 'n bekendstellingsbrief saam met aansoeke instuur na: Die Skriba, Gemeente Brakpan Harmonie, Posbus 3628, Dalview, 1544. Aansoeke sluit op 31 Maart 2008.

■ **Johannesburg-Suid** hou 'n kompetisie met as prys 'n Toyota Yaris kaartjies. Lidmate wat belangstel kan met die skriba van die Gemeente skakel.

■ Ds Frikkie Viljoen en sy seun Karel besoek die **gemeente Harare** vanaf Donderdag 14 Februarie tot Maandag18 Februarie. Ds Viljoen sal eredienste in Harare en die Laeveld hou en lidmate besoek.

VOLGENDE WEEK IN DIE KERK

♦ **Die Raad vir Sentik** vergader op Maandag 18 Februarie.

♦ **Die Raad vir Apostolaat** vergader op Dinsdag 19 Februarie.

♦ **Die Redaksie van die Hervormer** vergader op Donderdag 21 Februarie.

♦ **Die NHSV Hoofbestuur** vergader op Saterdag 23 Februarie.

Algemene nuus

▫ Ben Schoeman, 'n jong Hervormer wen internasionale kompetisie!

Ben Schoeman, seun van Marinus en Marié Schoeman van Gemeente Philadelphia, het so pas die Vodacom Unisa Internasionale Klavierkompetisie gewen. Hy is die eerste Suid-Afrikaner wat sedert die instelling van die kompetisie in 1982 hierdie prestasie behaal. Ben, wat tans opleiding ontvang aan die Accademia Pianistica 'Incontri col Maestro' in Italië, was een van ses semifinaliste wat die eindronde gehaal het. Die kompetisie is deel van die Internasionale Raad van Musiekkompetisies op alle vastelande, en Gemeente Philadelphia (waar Marié orrelis is), die Hervormde Kerk en elke Suid-Afrikaner kan met reg trots wees op Ben se puik prestasie.

Terug na Voorblad

▫ Dowes ontvang eie Bybel

Op Sondag 3 Februarie 2008 het ‘n baie spesiale geleentheid op Worchester plaasgevind toe die Afrikaanssprekende Dowe gemeenskap in Suid Afrika vir die eerste keer ‘n Bybel wat spesiaal vir hulle vertaal is, in ontvangs geneem het. Die geleentheid het om 9:30 in die NG Gemeente Worchester-De la Bat plaasgevind. Prof JP Oberholzer van Pretoria, die Voorsitter van die Vertalingskomitee wat vir hierdie vertaling verantwoordelik was, was die prediker by hierdie geleentheid. Al die ander vertalers was ook teenwoordig.

Hierdie Afrikaanse Bybel is die eerste Bybel in Suid-Afrika wat spesiaal vir Dowes vertaal is, en slegs die tweede Bybel in die wêreld spesiaal vir hierdie groep.

Advertensies en kennisgewings

● Beraad oor armoede

Dosente van AIM, belangstellendes en persone wat 'n positiewe bydrae kan lewer word genooi na die beraad oor armoede.

Program

9:00 – 9:10	Opening en verwelkoming – Dr Wilhelm Coetzer
9:10 – 9:30	Oriëntasie – Prof Natie van Wyk
9:30 – 9:45	Sending, Diakonaat en armoede – Dr Wim Dreyer
9:45 – 10:00	Diakonaat, Sending en armoede – Dr Wilhelm Coetzer
10:00 – 10:25	Tee
10:30 – 10:45	Die Bybel en armoede – Prof Natie van Wyk
10:45 – 11:00	Wat is en hoekom swart armoede? – Dr Matsobane Manala
11:00 – 11:15	Wat is en hoekom wit armoede? – Diaken Johan van Loggerenberg
11:15 – 11:30	Sosiaal-etiese besinning oor armoede – Dr Kobus Labuschagne
11:30 – 12:00	Oriëntasie ten opsigte van die groepbesprekings – Prof N van Wyk
12:00 – 12:45	Ete
12:45 – 15:45	Groepsbespreking:

Besprekingspunte:

Missionêre Diakonaat: Wat wil en kan ons hierdeur bereik?
Wat doen en kan en behoort die MRCC te doen aan armoede?
Wat doen en kan en behoort die NHKA te doen aan armoede?
Wat doen en kan die twee kerke saam doen aan armoede?
Wat doen en kan instansies soos AIM en die Ondersteuningsraad doen aan armoede?

15:45 – 16:30	Algemene bespreking oor grootste knelpunte
16:30-16:45	Besluite oor die proses vorentoe
16:45 – 17:00	Afsluiting – Ds Rueben Kewele

Doelwitte

a) Is die beginpunt van ’n groter proses van studie, navorsing en besinning oor die kerk en armoede. Die navorsing sal oor twee jaar strek.
b) Verskillende vorme en gestaltes van literatuur / CD’s / DVD’s etc moet eventueel hieruit na vore kom. Dit sal goed wees indien ’n bylaag in Konteks oor hierdie saak opgeneem kan word (soortgelyk aan die bylaag oor die jeugevangelisasie).
c) Bogenoemde moet bydra tot die groei en die bloei van die Missionêre Diakonaat in beide kerke.
d) Pogings sal aangewend word om internasionale vennote te betrek by ons proses soos akademici en institute soos die Hendrik Kramer Instituut en Kerk in Actie in Utrecht.

Terug na Voorblad

● **'Klap 'n Tekkie'- Pretloop.**

Klap 'n Tekkie Pretloop
Saterdag 23 Februarie 2008
07:00 - 09:20
Van Rensburg Tehuis vir Bejaardes

Die huiskomitee van van Rensburg Tehuis vir Bejaardes in Pretoria-Wes bied hulle twaalfde Klap 'n Tekkie pretloop op Saterdag 23 Februarie 2008 om 07:00 by die Fonteine in Pretoria aan. Die huiskomitee bestaan uit verteenwoordigers van nege verskillende gemeentes van ons Kerk.

Die tehuis bied 24 uur professionele versorging aan nagenoeg 114 verswakte bejaardes en gestremde inwoners. Daar is 'n gespesialiseerde afdeling vir persone met Alzheimer se siekte en ook ander seniele demensies … 'n behoefte wat nie in alle tehuise aangespreek word nie.

Die tehuis se inkomste word hoofsaaklik uit die losies van die inwoners en 'n geringe staatsubsidie verkry. 'n Beduidende persentasie van die inwoners is egter staatspensioentrekkers met 'n klein inkomste. Die gaping tussen inkomste en uitgawes raak al hoe groter. Die bejaardes se beperkte inkomstes laat nie toe om die verskil op te maak deur verhogings in losiesgelde nie. Die gevolg is 'n geweldige verlies aan inkomste. Daarom is die pretloop se inkomste so belangrik.

Inskrywingsvorms sal by die volgende punte beskikbaar wees.

Die Bejaardesorgkantoor, Malherbestraat 55, Capitalpark. Tel no 012-325 1857.
Van Rensburg tehuis, Delaneystraat 69, Danville. Tel no. 012-386 5729.
Run-a-way Sport, Glenfair Sentrum, Lynnwoodweg. Tel no. 012-361 3733/38.
Running Inn, Winkel 10, Waterkloofrif Lifestyle Sentrum, Ridgewiew straat, Waterkloofrif. Tel no. 012-347 5225.

Bring asb jou vriende, familie, babas in stootwaentjies, kollegas en ook jou hondekinders aan halsbande saam. Kom stap die 1, 5 of 10 km in die mooi boomryke en veilige omgewing.
Die fondse wat so geïn word sal die voortbestaan
van die tehuis verseker.
1 Km - R15-00
5 & 10 Km - R25-00

Vir verdere navrae kontak …
Marie 082 780 7165
Elma 082 954 7955
Marietjie 082 495 3350 of marietjie@aldum.co.za

● **Die NHSV-Noordwes streek bied aan Navi Redd**

Datum: 19 Maart 2008
Tyd: 18h30 vir 19h00
Plek: Ned. Herv kerk Gemeente Potchefstroom
Koste: R50-00p/p
Ten bate van: Blanke Armoede fonds

Kontak: Ds Tharina Steenkamp 082 336 1916 of
Mev Adri Botha 082 403 5051

Die Kerknuus wat voortaan in *e*-Hervormer gaan verskyn word versamel en saamgestel deur Dr. Fanie Pretorius, Sekretaris van die Kommissie van die Alg. Kerkvergadering.



Ons wil ook veral groot dank en waardering uitspreek teenoor Dr. Pretorius vir baie deeglike beriggewing oor die afgelope tyd.

Terug na Voorblad

● Evaluering van voornemende teologiese studente

Die evaluering van **voornemende teologiese studente** vind op 11 April 2008 plaas.

Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Kerk te studeer. Besonderhede is soos volg:

Plek: Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria
Datum: Aprilmaand van elke jaar

Aansoekvorms kan aangevra word vanaf:
Die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding
Posbus 2368
PRETORIA 0001
Telefoonnommer (012) 4205393; Faksnommer (012) 420 4303; E-pos adres: betsie.brits@up.ac.za

● Organisatoriese Inligting en Beplanning

Plek: Gemeente Oos-Moot

Deelnemers: Persone gemoeid met die Apostolaat, Kommissie van die ADV, Besture van Diakonale Diensorgane van die 2 kerke, Ringsrade na aan Pretoria, Diakens na aan Pretoria, Kundige Lidmate, Studente, predikante van die twee kerke

Verwagtinge rondom bywoning: 20 Mense is al genoeg. 200 Mense kan ook deug.
Lesings: Al die lesings (minstens die hoofpunte) word in 'n lêer beskikbaar gestel.
Verversings: Die NHSV van Oos-Moot
Kostes: R50pp . Diegene wat nie kan betaal nie word gesubsidieer uit AIM en ADV fondse.

Agterblad

□ Die *e*-Hervormer in die volgende maande

Die volgende uitgawe van *e*-Hervormer sal DV op Donderdag 28 Februarie 2008 verskyn. **Die frekwensie vir Maart sal ook 2-weekliks wees** en ons hoop om vanaf April 2008, 'n weeklikse uitgawe die lig te laat sien.

□ www.hervormer.co.za

Hierdie webwerf is die groter geheel waarvan *e*-Hervormer 'n gedeelte vorm. In die 'Agterblad' van die volgende uitgawe word die webwerf volledig bekendgestel.

Terug na Voorblad